# *Die Koningin Van Skeba*

Kom ons bly staan terwyl ons ons hoofde buig vir 'n woord van gebed.

2 O Here, ons is dankbaar vanaand vir hierdie geleentheid om die Evangelie van U kosbare Seun na die mense toe te bring. En ons bid dat U ons vanaand sal ontmoet, en sal maak dat die Evangelie wat verkondig is deur die apostels, lewendig gemaak sal word vanaand in ons midde. Mag elke honger hart gevoed word met die goeie dinge van God. Mag die sondaars veroordeel word deur hulle ongeloof, en die Here Jesus aanvaar as hulle persoonlike Verlosser.

3 Vader, ons sal veral vir die siekes en behoeftiges bid, mag hierdie 'n uur van verlossing vir hulle wees. Ons bid nie net vir hulle wat vanaand teenwoordig is in hierdie groot gehoor nie, maar ons sou bid vir diegene wat in die radiogehoor is, wat nie vanaand hier kon kom om een of ander rede nie. Laat U Heilige Gees, O God, na hulle bed toe kom, of waar hulle ook al mag wees, en hulle oprig uit hulle siekte dat hulle mag lewe en U dien. Skenk hierdie seëninge. In die Naam van Jesus, vra ons dit. Amen.

4 Julle mag maar sit. Ek's net 'n bietjie hees in my stem, ek het vanmiddag gepreek vir 'n geruime tyd, 'n evangelistiese diens hier by die tempel, en dan, deur net van ander dienste af te kom, ook, en hulle het een of ander soort goggatjie gehad wat rondgevlieg het by die huis, ek weet nie wat hulle dit genoem het nie. Dit wat die dokters nie kan noem nie, ek dink hulle noem dit net *virus*. En ek weet nie wat die outjie se naam was nie, maar ek is baie jammer dat hy in my keel probeer inkom het. Satan moes hom soontoe gestuur het oor hierdie komende diens; ek het in elk geval gekom, want ek weet in Wie ek geglo het, ek is oortuig dat Hy die mag het om ons pand te bewaar tot dié dag toe.

5 Ek het dit in my lewensreis gevind, veral in my bediening, dat wanneer Satan 'n groot bohaai maak, weet hy daar's 'n groot seën wat voorlê. So dis altyd op daardie tye wat ons graag wil aangaan.

6 Nou, ons kosbare Broer David du Plessis het so pas 'n wonderlike boodskap gebring, insoverre, dat ek my teks verander het toe ek in die kamer gestaan en luister het na hom, na net 'n klein, kort boodskappie voor ons vir die siekes bid.

7 Die rede waarom ek dit doen, is om die gevoel van die gees van die mense te kry. Nou, dit is noodsaaklik, ons behoort dit te doen. Jy kan een man neem wat preek, 'n evangelis, en die evangelis, wat die salwing het, laat sit, en dan die pastoor laat

opstaan om 'n altaar-oproep te maak, dis moeilik om dit te doen. Jy moet die gees van die mense kry.

8 En ek glo dat ons 'n groot behoeftige tyd lewe, 'n behoefte aan die Gees van God in ons kerke en onder ons mense. En ons vertrou dat hierdie komende week, as die Here wil, om 'n groot herlewing hier te sien begin by die Angelus Tempel, en deur die land te versprei, ons bid tot God hiervoor.

9 Nou wil ek julle aandag vestig op net een Skrif gevind in God se Heilige Woord, Matthéüs 12:42. En ek sou vanaand praat oor die onderwerp *Wanneer Die Arend Haar Nes Opwek En Oor Haar Kleintjies Sweef*, siende dat ons net 'n bietjie laat is, sal dit miskien kan oorstaan. Ek wil graag lees uit hierdie deel van die Skrif:

> En *die koningin van die suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag, en dit veroordeel: want sy het van die eindes van die aarde af gekom om die wysheid van Salomo te hoor; en kyk, meer as Salomo is hier.*

10 Ons Here het baie van die mense bestraf wat Hom gevolg en Sy groot wonderwerke gesien het, en steeds het hulle nie bekeer nie. En Hy het die stede bestraf waarin Hy was, in die vorige deel van hierdie hoofstuk. Want in hierdie stede, het Hy 'n teken gedoen, dat alle gelowiges dit moes weet, dit was die teken van die Messias. Ons het gisteraand daaroor gepraat, en hoedat diegene wat, skynbaar, wat God verordineer het tot die Ewige Lewe, deur Sy voorkennis, daarin geglo het, en hoedat Hy Sy dissipels na Hom toe getrek het deur hierdie ding, dat Hy hierdie teken gedoen het, en hulle wat gesoek het na die God-Profeet wat sou kom, hulle het geweet dat dit Hy was, maar baie van hulle het nie geglo nie.

11 En in die vorige deel van hierdie hoofstuk, het Hy vir hulle gesê, nadat Hy hierdie werke gedoen het, en hulle gesê het dat Hy 'n bose gees was, die gees van Beëlsebub op Hom was, wat 'n bose gees was.

12 En om dit in woorde te maak sodat ons sou verstaan, dat hulle geglo het dat die Gees wat Hy gehad het, wat vir Petrus kon sê wie hy was, en wat sy vader se naam was, wat hom nog nie tevore gesien het nie, en vir Filippus kon vertel waar hy was voor hy na die diens toe gekom het, en die gedagtes van hulle harte onderskei, hulle het dit as 'n bose gees geklassifiseer, 'n fortuinverteller, of een of ander bose duiwel. En Jesus het vir hulle gesê: "As julle dit teen die Seun van die mens sê, sal dit julle vergewe word, maar wanneer die Heilige Gees gekom het, om Daarteen te praat, dit sou nooit vergewe word nie."

13 En ons vind uit dat dit net was soos Hy gesê het. En Hy het daar gepraat, en gesê: "Jy, Kapérnáüm, wat tot die Hemel toe verhoog is, sal afgebring word na die hel, want as die kragtige

dade gedoen is in Sodom en Gomorra wat in jou gedoen is, sou dit bly staan het tot vandag toe." 'n Lae, besoedelde stad soos Sodom was, en tog, het Jesus gesê as daardie tekens in Sodom gedoen sou word, sou dit bly staan het.

14 En ons vind gisteraand, dat die teken wat Hy gedoen het, gedoen is deur 'n Engel wat later God genoem is, net buite Sodom, aan Abraham en aan Sara, en hulle mense; maar Hy het dit nooit gedoen onder in Sodom nie. En Hy het ook verwys na Jona, die profeet.

15 En in alle eeue, het God mans gehad waarop Hy Sy hand kon lê om Sy werk te doen. Nou, God kies mense, nie masjiene nie, Hy kies mense om deur te werk. Hy het die—die profete van die Ou Testament gekies, Hy het Sy Eie Seun van die Nuwe Testament en die apostels gekies, En verder af deur die eeu, het Hy altyd mense gehad wat Hom sou glo. God was nog nooit sonder 'n getuie nie, partymaal het dit verminder na net 'n paar, maar altyd, is daar 'n oorblyfsel.

16 En Hy het terugverwys na Jona. En baiekeer wil ons graag sê van Jona, dat hy afvallig was. Nou, ek ondersteun nie soveel wat hy gedoen het nie, maar ek glo dat alles ten goede meewerk vir hulle wat God liefhet. Partymaal doen ons dinge wat ons nie ons eie optrede verstaan, as ons gelei word deur die Gees van God, nie. Elke kind van God binne my gehoorafstand, of gehoor van my stem, liewer, weet dat jy somtyds dinge doen wat jy self dink belaglik is, wanneer jy so—so afgesonder is met God, wanneer die Heilige Gees jou in so 'n toestand kry, dat jy ten volle oorgegee is aan Hom.

17 Ek het mans so gevul gesien met die duiwel, dat dit verskeie mans sou neem om hulle vas te hou. En dan as Satan daardie soort krag op 'n man kan sit wat ten volle oorgegee is aan hom, hoeveel meer krag kan die Heilige Gees op 'n man sit wat oorgegee is aan Hom? Om 'n persoon in 'n rolstoel te laat opstaan en loop, om die skaduwee van 'n man wat sterwend is aan kanker op 'n bed, op sy voete te laat spring, onder die krag van God te laat uitroep. Want hoeveel sterker is God as die duiwel?

18 En Jesus het van Jona gepraat, en Hy het die storie vertel van hoe dit gebeur het. Ons is almal bekend met daardie storie.

19 En kom ons stop net vir 'n oomblik om my uitlating reg te maak wat ek oor Jona gemaak het. Ek glo nie hy was afvallig nie, ek glo dat hy was . . . hy gedoen het wat God vir hom gesê het om nie te doen nie, maar God het die heeltyd geweet dat hy dit gaan doen, want God is oneindig, en Hy weet alles.

20 En Jona is in die see uitgeneem op sy pad na Tarsis, en daar het 'n groot storm opgekom, en hulle het sy voete en hande vasgebind, en hom uitgegooi, en 'n groot vis het hom ingesluk, afgegaan na die bodem van die see, baie vadems diep, en hy het

aan die lewe gebly vir drie dae en drie nagte. Ek glo dat dit die waarheid is, want die Woord van God het gesê dis die waarheid.

21 En daar word vir ons vertel, of ek het gelees, dat die mense van Ninevé aanbidders van afgode was, en hulle sondes groot geword het, en een van hulle gode, veral die god van die see, was 'n walvis. En dit was die god van die see, want dit was die grootste spesie in die see. En die mense, hulle beroep was visvang.

22 En soos hulle almal by hulle werk was daardie oggend, die nette visse ingetrek het, en meteens, kom die god van die see op, maak sy mond oop, en die profeet stap uit. Sekerlik, het hulle bekeer, dit was alles in orde. God weet hoe om dinge te doen, ons moet net volg. Maak nie saak of dit belaglik lyk nie, gaan doen dit, in elk geval, as die Gees van God lei. En hulle het bekeer in sak en in as, omdat 'n wonderwerk soos daardie plaasgevind het.

23 En hier het Jesus daar gestaan en die tekens van die Messias gedoen, en daardie geslag het dit die werk van 'n duiwel genoem. Jesus het gesê hulle sal opstaan, want hulle het bekeer vir, na die prediking van Jona, en hulle sal opstaan in die Oordeelsdag saam met hierdie geslag en dit veroordeel.

24 Dan gaan Hy na die klein koninginnetjie van die Suide in die dae van Salomo. Nou, God het 'n groot gawe vir Salomo gegee. En enigiemand wat die Skrifte lees, weet dat wanneer God 'n gawe na die aarde toe stuur en die mense daardie gawe verwerp, dit chaos is vir daardie geslag, hulle nooit vooruitgaan nie, hulle in oordeel eindig oor die nasies. En as hulle die gawe aanvaar wat God stuur, is dit gewoonlik 'n millennium vir daardie mense, hulle is geseënd. En ons weet, as Bybellesers, dat in die dae van Salomo 'n goue eeu vir Israel was. Hoekom? Omdat al die mense eendragtig daardie groot gawe ondersteun het wat Salomo van God gehad het.

25 Ek wonder wat sou plaasvind vanaand, as al die kerke in die Verenigde State die Gawe wat God ons gegee het, sou ondersteun, dit is die Heilige Gees, God se Gawe. Wat as al die kerke hulle grense sou afbreek en daardie groot gawe van goddelike, broederliefde, en die doop van die Heilige Gees, sou ondersteun? Dit sou die grootste verdediging wees wat hierdie volk kon hê, dit sou beter wees as al die wetenskaplikes, en atoombomme, ensovoorts, wat hulle kon uitvind.

26 Want dis wat God wil hê ons moet doen, almal van ons in ons verskillende denominasies, is om mekaar as broers en susters te herken, hierdie groot Gawe van God te ondersteun, wat die Heilige Gees is, wat kom met krag en manifestasie en demonstrasies van Sy Teenwoordigheid. Dan sou daar nie een wrede woord teen enige beweging van God gespreek word nie, ons sou almal een wees in een yslike groot bondel goddelike liefde, dis wat dit gaan kos vir die Kerk om in die Wegraping te gaan.

27 Paulus het gesê: “Al sou ek die tale van mense en engele spreek en nie die liefde hê nie, baat dit my niks. Ek kon onderskei, of al die wyshede hê, en, van die Skrifte en hulle almal ken, en geloof hê om berge te versit, is ek steeds niks.”

28 Wat ’n teleurstelling gaan dit wees by die Oordeel, wanneer mans, wat gedink het hulle was reg, omdat hulle geloof gehad het om die siekes te genees, hulle geloof gehad het om ’n gawe te laat werk, en groot dienste gehad het, groot evangelistiese dienste, en siele gewen het! Jesus het ons vooraf gewaarsku oor daardie dinge: “Baie sal na My toe kom op daardie dag, en sê: ‘Here, het ek nie duiwels uitgedryf in U Naam, en in U Naam baie magtige werke gedoen nie?’” Toe het Hy gesê Hy sou aan hulle bely: “Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid, Ek het julle nooit geken nie.”

29 Dit verg meer as die krag van gawes, dit verg meer as om by die kerk aan te sluit, dit verg die geboorte van die Heilige Gees om ons mure af te breek en om ons saam te verenig as een groot Christenliggaam wat beweeg vir een doel en een doelwit.

30 Hulle het dit gedoen in die dae van Salomo. Wel, almal het verbygekom, hulle sou daarvan praat as iets groots; Salomo het ’n gawe van onderskeiding, wysheid, gehad. En mense wat verbykom, sou sê: “O, jy moenie weggaan,” sou hulle vir die verbyganger sê: “totdat jy kom en kyk wat die Here ons God vir ons gedoen het nie!”

Sou dit nie wonderlik wees om dit weer vanaand te hoor nie? “Kom en kyk! Ons God is ’n lewende God.”

31 Die nuus het hoofopskrifte gemaak. Die enigste manier wat hulle tóé gehad het om nuus te stuur, was van lip tot oor, en daardie nuus het regoor die wêreld, die bekende wêreld, getrek, dat daar ’n groot God bo in Israel was Wat Homself gemanifesteer het deur Sy dienskneg, Salomo. En al die mense het dit eendragtig ondersteun, eenheid. Daar’s krag in eenheid.

32 Toe het die nuus uiteindelik gekom by die koninginnetjie, al die pad oor die Sahara Woestyn, ver onder in die uiteindes van die bekende wêreld van daardie dag, onder in Skeba. Wel, elke reisiger sou verbykom, wat deur Israel gegaan het, sou sê: “O, jy móét soontoe gaan en daardie mense sien. Wel, hulle is net so vrymoedig as wat hulle kan wees! Hulle weet daar’s nie ’n fout met hulle godsdiens nie.”

33 Dis hoe ons dit wil glo: Daar’s niks verkeerd met die Heilige Gees nie, Dis die volmaakte Gawe van God aan die Kerk.

34 En hulle sou aanhou praat oor die groot dinge wat Salomo sou doen.

35 Nou, geloof kom deur wat? Die gehoor, die gehoor van die Woord van God. En julle weet, toe hierdie woord bly kom het na

hierdie koninginnetjie toe, het sy begin glo dat dit die waarheid was, en sy het begin dors om te gaan uitvind daaroor.

36 O, Jesus het gesê: "Julle is die sout van die aarde, maar as die sout sy geur verloor het, of sy krag, is dit voortaan goed vir niks, behalwe om uitgewerp te word, en onder die voete van die mens vertrap te word," paaie van gemaak te word.

37 Wel, ek wil nie krities wees nie, maar tot 'n sekere mate laat ons hierdie groot seëning so word. Die krag van die Heilige Gees behoort in elke lidmaat van die Kerk te wees.

38 "Wat bedoel jy, *krag*?"

39 Die krag van die opstanding. Die Lewe wat Jesus vir die Kerk gegee het, behoort in elke lidmaat Daarvan te werk, die Liggaam, die krag. Sout sal net red as dit kontak maak, maar dit moet kontak maak. En as die Kerk daardie las op hulle hart kry om iemand te kontak, iemand gered te kry, dan kom die krag weer terug in die Kerk en in die mense in.

40 En hierdie vroutjie, eerste plek, het sy baie—baie probleme gehad, die oormag, soos ons dit in die wêreld sou noem, was teen haar. Die eerste plek, was sy 'n vrou, en dan, was sy 'n heiden, 'n aanbidder van afgode, en in haar posisie, as die koningin, sou sy toestemming by haar eie kerk moes vra voor sy kon opgaan en daardie herlewing bywoon.

41 Wel, julle kan julle voorstel wat die heidense priester vir haar sou sê: "Nou kyk, my skat, moenie meegevoer word deur sulke fantastiese goedjies nie. As daar enige God was wat gemanifesteer moes word, sou ons dit net hier in Skeba gehad het, sou ons kerk dit hê, sou óns die een wees wat dit gedoen het."

42 As dit nie 'n goeie gesindheid teenoor baie mense vandag is nie! Ek vertrou dat julle nie dink dat ek kritiseer nie, ek gee net die feite.

43 Nou let op, en sy wou graag gaan. En hy sou . . . Hulle sou die boekrolle gaan uithaal, en sê: "Nou kyk hier, hierdie groot god van ons was *so-en-so*."

44 Sy sou sê: "Ek het my ouma daarvan hoor praat, en sy het gesê sy het haar ouma daarvan hoor praat, maar al wat ons het, is 'n paar geskrewe woorde van 'n god wat eens bestaan het. Waar is hy vandag? Hulle sê vir my dat daardie mense daarbo in Israel 'n lewende God het, Wat onder hulle lewe, deur hulle werk. Ek wil dit sien."

45 "Salig is hulle wat honger en dors, want hulle sal gevul word."

46 Sy het gereedgemaak. Sy was 'n verstandige vrou, sy het gesê, soos sy 'n paar diere gelaai het met goud, en silwer, en wierook, en baie groot stene van groot waarde, laat ons dink dat sy dit in haar hart gesê het: "Ek gaan nie hieronder in

Skeba sit en net 'n nat lap wees nie, as hulle 'n herlewing het wat aangaan wat die Teenwoordigheid van 'n lewende God manifesteer, gaan ek daarnatoe om uit te vind daaroor, want as hulle dit onder hulle het, het ons dit nie onder ons nie. En ek wil hierdie geloofsbelydenisse stop wat. . .en vind waar daar Iets is wat kan terugpraat." Seën daardie vrou se hart! Sy het gehonger en gedors na God.

47 En sy het hierdie diere gelaai met hierdie geskenke, en miskien het sy dit gesê: "Ek gaan soontoe, ek gaan niemand anders se woord vat nie, ek gaan self uitvind. As dit die waarheid is, sal ek dit ondersteun; as dit nie die waarheid is nie, sal ek my geskenke terugbring." Dis 'n goeie idee.

48 As God daarin is, ondersteun dit met alles wat jy het, jou siel, jou hart, jou verstand, jou talent, alles wat jy het, gee dit tot die eer van God. As Hy nie God is nie, los dit dan en vind uit waar daar 'n God is; as dit nie die waarheid is nie, los dit, vind uit wat die waarheid is.

49 So toe, moes sy die Sahara Woestyn oorsteek. Nou, hierdie groep van. . .sy het 'n paar wagte gehad, hofdienaars van die tempel, 'n paar diensmeisies om haar te bedien. Weet julle hoe lank dit sou neem om die woestyn oor te steek van Skeba na Jerusalem per kameel? Neem drie maande. Geen wonder Jesus het gesê sy sal opstaan in die Oordeelsdag en hierdie geslag veroordeel nie. Wel, party mense in Los Angeles sal nie 'n Cadillac hiernatoe ry om daarvan te hoor nie. Kyk wat sy moes doen: oor die Sahara Woestyn kom op die rug van 'n kameel. Maar daar was iets in haar hart, wat gedors het om uit te vind of daar 'n God was, en of Hy gelewe het, en Hy in Sy mense gelewe het.

50 Wanneer jy so begin dors, is daar niks wat jou daarvan gaan weghou nie. Ek gee nie om wat hulle die mense noem nie, hulle is allerhande name genoem, so is Jesus Beëlsebub genoem; maak geen verskil wat die mense sê nie, dis wat God sê.

51 En so het sy vertrek. Hier is iets anders wat haar moes konfronteer het: die kinders van Ismael was in die woestyn, vlugvoetige ruiters, rowers, moordenaars. Wel, wat 'n—wat 'n—'n prooi sou dit vir hulle wees! Wel, daardie groot bende mans kon inry op daardie klein groepie en dit binne 'n paar oomblikke uitwis. En kyk na die duisende dollars geld en rykdom wat sy op hierdie kamele gehad het, wel, dit was 'n geleentheid vir hulle. Maar weet julle wat? Haar geloof en begeerte om die Koninkryk van God te sien, God het dit vir haar gestop, Hy het 'n weg vir haar gemaak.

52 En ek sê vir beide sigbare en onsigbare gehoor: As jou hart so honger en dors om na God te kom, sal God 'n weg maak vir jou om by Hom uit te kom. Hy het dit nog altyd gedoen, en Hy sal altyd.

53 Sy het nooit twee keer gedink nie. As jy twee keer dink, sê: "Wel nou, wag 'n bietjie, as die Heilige Gees op my sou kom soos dit het op daardie mense, en my baas sal môre 'n paar vloekwoorde los as hy in my teenwoordigheid staan, wel, bedoel jy ek mag na hom toe moet loop en vir hom sê: 'Nou, hier, dis nie reg vir jou om dit te doen nie, jy vloek my Here, ek hou nie daarvan nie,' hy mag my afdank."

54 Laat jy net die Heilige Gees een keer op jou kom, God sal vir die res daarvan sorg, Hy sal alles gereed hê. Moenie aan môre dink nie, môre sal dink aan die dinge van môre, vandag is die dag.

55 Sy was vasbeslote, sy het op hierdie kamele geklim, en hulle moes miskien in die nag reis, want die woestyn was so warm in die dag, druk deur. Satan op elke lugspieëling buite in die woestyn, wat sê: "Jy kan dit nie maak nie, dis vals, dis nie nodig om te gaan nie. Wel, daar word vir jou gelag, jy word geëkskommunikeer uit jou kerk. Wat as jy daarbo kom en begin maak soos daardie mense? Wel dan, sou jy uitgegooi word, beslis. En dink aan jou aansien, jy's 'n groot persoon hier in Los Ang- . . ., of, Skeba. Jy het 'n groot naam, jy moet onthou jy kom uit 'n groot hoë standaard mense, en hier gaan jy saam met 'n klomp besmetlikes, daarbo in Israel. Wel, jy behoort dit nie te doen nie."

56 Maar sy was vasbeslote, daar was iets binne-in haar, in haar, wat haar beweeg het, die diepte wat geroep het na die diepte. Iets wat geroep het totdat sy gedors en gehonger het om die geregtigheid van Almagtige God te proe, sy sou deur enigiets trek om daarby uit te kom.

57 Sy het uiteindelik by die poort aangekom. Nou, sy het nie gekom om net vir een aand te bly, of te sit en wag tot die pastoor 'n bietjie gepreek het en iets gesê het wat teen haar teologie was, en dan sou sy haar hoed optel en huis toe gaan nie. Dis die moderne tendens daarvan. "As. . . Ek sal soontoe gaan, maar laat hy net een ding sê wat teen ons geloofsbelydenis is, sal ek net opstaan." Dit wys swak opvoeding om mee te begin.

58 Toe, het sy gesê: "Ek sal—ek sal net ingaan. As—as ek nie hou van die manier wat hulle die dienste hou nie, sal ek my kamele vat en omdraai." Jesus sou nooit van haar gesê het wat Hy het as sy daardie gesindheid gehad het nie.

59 As jy kom om te kritiseer, gaan die duiwel jou baie wys om te kritiseer, as jy kom om fout te vind, gaan die duiwel jou baie foute wys, maar as jy kom honger en dors na God, sal die Engele van God jou lei na die plek om dit te vind.

60 Sy het haar kamele afgelaai in die—die parkeerterrein, sy het ingegaan met hierdie vasbeslotenheid: "Ek gaan bly totdat ek tevrede en oortuig is of dit reg of verkeerd is. Ek het van hierdie dinge gehoor, nou gaan ek in om uit te vind." Sonder twyfel het sy baie Boekrolle gebring, die Hebreeuse taal gelees,

ensovoorts, en, van die beloftes van hierdie Hebreeuse God, kyk of waarvan Salomo gepraat het, ooreengestem het met die Skrifte, dat hierdie God beloftes gemaak het van hierdie dinge. So sy het 'n algemene begrip gehad van wat dit sou wees.

61 En enige man wat, enige man hoegenaamd wat die Bybel lees, kon in 'n kerk instap, kan binne die bestek van tien minute amper, sê of dit reg of verkeerd is. Soos ek vanmiddag gesê het: "Dit was nie so van die begin af nie."

62 Hulle het Jesus gelos by Násaret, of by Jerusalem by die Pinksterfees. As die eerste loot, wat in die Wynstok was, 'n Pinksterloot voortgebring het, die tweede loot is soos die eerste een, want dit kry sy lewe uit dieselfde Bron. En as die, ons in Christus is, en Hy die—die Wynstok is en ons is die lote, behoort hierdie kerk nog 'n Pinksterkerk gevul te wees met die Heilige Gees, en oorheers deur die Gees van God. Ons het Hom gelos by Pinkster, ons moet teruggaan.

63 Sy het gelees, uitgevind wat Jehova was, wat Sy Woord was. Die harte ondersoek, die Onderskeier van die gees, wat belowe het dat 'n groot God-Profeet eendag sou kom wat die Verlosser sou wees, en Hy sou gawes aan mense gee, ensovoorts, sy het 'n idee gehad wat dit sou wees.

64 So ek kan haar haar hare sien kam, en—en klere net regkry, en, om mooi te lyk, sy gaan in die kerk in, soos dit was, daardie oggend, die howe van Salomo, en die mense, die trompette het gespeel, die musiek was pragtig, en sy gaan sit om te luister. En naderhand, het Pastoor Salomo uitgekom, en hulle het 'n paar gevalle gereed gehad vir hom. En toe een voor hom gekom het, wat 'n kennis van onderskeiding het hy gehad! Hy het geweet, op 'n manier, wat om vir hierdie mense te sê.

65 Ek sou my voorstel sy het soort van haar kop gekrap en iets soos hierdie gesê: "Sê, daar moet iets hieraan wees."

66 Nog 'n geval het gekom, en nog 'n geval, die dae het verbygegaan, uiteindelik, is haar gebedskaartjie geroep, of het sy in die ry gekom. En toe sy gekry het. . . Sy sou nie net . . . Sy sou wag tot haar nommer geroep is, sy sou daar bly en dit deurkyk. En toe sy voor Salomo opgestaan het, het sy na hom gekyk, hy was net 'n man, maar die Bybel het gesê dat daar niks verberg was van Salomo oor die vrou nie. Die Gees van onderskeiding was op Salomo, en hy het haar al die dinge vertel wat sy wou hê.

67 Wat het sy gesê? Wou sy hom as Beëlsebub klassifiseer? Beslis nie. Sy het net uitgestaan, as 'n ongelowige heiden, net uitgestaan onder al die mense en sy het gesê: "Alles wat ek gehoor het, was die waarheid; en meer as wat ek gehoor het," want sy het dit met haar eie oë gesien, en die wonderwerk is met haar gedoen. En sy het gesê: "Salig is die manne wat hier by jou staan, dag vir dag, om hierdie dinge te sien gebeur; salig is jou skinkers, salig

is hulle wat geassosieer is met jou wat in jou teenwoordigheid staan en om hierdie groot werke van die lewende God te sien."

68 Jesus het gesê omdat sy dit gedoen het, sal sy in die Oordeel opstaan saam met daardie geslag van teoloë en hulle veroordeel: "want sy het van die uiteindes van die wêreld af gekom om die wysheid van Salomo te hoor; en kyk, meer as Salomo is hier."

69 Salomo het net 'n gawe gehad, Jesus was die Gewer van die gawe. En dieselfde Jesus, toe Hy op aarde was, het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. 'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Nie die tydperk van die apostels nie, maar die einde van die wêreld. "Die wêreld sal My nie meer sien nie, maar julle sal My sien." Hoe lank? Tot die einde van die wêreld. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

70 En na tweeduisend jaar van Bybelonderrigting, en geleerdes, en skole wat dit leer, hoe gaan ons die toorn van die oordeel van die toorn van God ontsnap wanneer hierdie geslag sal moet verskyn? Hierdie volk is ryp vir oordeel, ons sal dit nooit ontsnap nie. Onthou, ek spreek in die Naam van die Here: Ons is verdoem. Sy is by bekeer verby, sy's daarmee heen.

71 Die enigste ding wat die Heilige Gees probeer doen, is om daardie kinders uit te roep: "Kom onder hulle uit." Ons het Billy Grahams gehad, en Oral Robertse, en groot manne wat hierdie volk deurkruis het en omtrent alles in die Boek gedoen het, en die mense het steeds soos verlamdes gesit.

72 Louisville, Kentucky, 'n paar maande gelede, het daar 'n—'n dametjie afgekom deur een van die tien-sent winkels, sy het goed geneem en hulle vir 'n babatjie gewys wat sy in haar arms gehad het, omtrent drie of vier jaar oud. Die kêreltjie het net gesit en staar. En naderhand, het sy 'n dingetjie opgetel wat geklingel het en sy het dit geskud, die kêreltjie het net gestaar. En sy het so 'n versteuring veroorsaak, dat die mense in die winkel haar snaakse optrede opgelet het. Toe het sy net inmekaargesak soos sy oor die toonbank gegaan het, en sy het begin skree: "O, nee! Nee! Hy's niks beter nie!"

En 'n paar goeie mense het nadergestap, en gesê: "Wat is fout?"

73 Sy het gesê: "My seuntjie, 'n paar maande gelede, het hy net gesit en staar, dit het net meteens op hom gekom, en hy steur hom skynbaar nie aan dinge waarna hy moet luister, waarin klein seuntjies van sy ouderdom geïnteresseerd behoort te wees nie." Gesê: "Ek het hom dokter toe geneem, die dokter het gesê hy's—hy's beter." Maar gesê: "Hy is nie beter nie." En sy het begin huil.

74 En ek wonder net of dit nie iets soos die Pinksterkerk vandag is nie, dat God elke geestelike gawe voor hulle geskud het wat Hy kan, om hulle aandag te probeer trek, om bymekaar te kom,

mekaar lief te hê soos Hy gebid het dat ons een mag wees, dat ons mekaar sou liefhê. Sy gawes geskud, en ons sit en kyk asof ons verlam is.

75 Ek het twee dogtertjies wat daaragter sit, Rebekah en Sarah, hulle is albei Pappa se dogtertjies. Wanneer ek uitgaan, wel, ek's. . . hulle wag altyd vir my om terug te kom. Hulle het Pappa lief, en julle weet hoe Pappa hulle liefhet.

76 Daar's 'n klein gelykenissie. Een oggend het ek vroeg ingekom, en die kindertjies het lank gewag, en ek was laat, so hulle moes bed toe gaan, hulle ma het hulle in die bed gesit. En ek kon nie daardie oggend rus nie, so ek het vroeg opgestaan, en buite in die sitkamer in 'n stoel gesit, ek het 'n paar dienste gehad, en ek was so uitgeput, ek kon net nie slaap nie, en ek het vroeg opgestaan, in 'n stoel gesit. Naderhand, het ek 'n geraas in die kinders se slaapkamer gehoor, Becky het wakker geword, en sy het gewonder waar Pappa was, of hy ingekom het. Hier het sy deur die huis gekom net so vinnig as wat sy kan, agter haar het haar sustertjie omtrent *so* lank, gekom.

77 Nou, Becky was groot, sy was omtrent dertien, langbeen, en maer; Sarah is 'n klein, mollige outjie, haar pajamavoete omtrent twee keer die grootte wat hulle behoort te wees, sy het amper oor alles in die huis geval. En Becky het gekom, en reg op my been gespring, en haar groot, lang bene het afgehang op die vloer, sy kon haarself redelik goed balanseer.

78 Ek dink daaraan soos die kerke, partymaal, hulle is ouer as hierdie beweging van God, die Pinkster, en hulle mag albei voete op die grond hê, dis alles reg, ons waardeer dit.

79 En sy het haar arms om my gesit en my baie styf omhels, sy het gesê: "My pappa!" En toe sy Sarah hoor, haar sustertjie wat kom, het sy omgedraai en na Sarah gekyk, sy het gesê: "Sarah. . . " Sarah herinner my aan hierdie kerkie wat pas begin het, julle weet, dit is nie baie oud nie, partymaal gaan dit op in die lug, en val rond onder op die grond, in en uit. Sy het gesê: "Sarah, ek wil hê jy moet een ding weet: Ek was eerste hier, en ek het alles van Pappa, en daar's niks oor vir jou nie."

80 Klein Sarah het haar lippies laat sak, haar klein, bruin ogies het soort van nat geword, sy het omgedraai om weg te gaan. Ek het vir haar ooggeknip en met my vinger beduie, my ander been uitgesteek. Hier het sy gekom, net geglimlag en op daardie been gespring, sy kon haarself nie regop hou nie, sy kon nie die grond raak nie. Julle weet, hulle raak 'n bietjie bokant, onderstebo partymaal, wanneer hulle dronk word van die Gees, julle weet. Hulle net. . . Maar solank hulle daar is!

81 So, ek het net albei arms geneem, ek moes, om haar op my been te hou, sy was te kort, sy het nog nie genoeg gegroei nie, en ek het haar teen my vasgedruk. En sy het daardie koppie omgedraai, daardie klein, swart ogies het gegluur, gekyk na

Becky, sy het gesê: "Rebekah, my suster, ek wil jou ook iets vertel." Sy het gesê: "Dit mag waar wees dat jy eerste hier gekom het, en dit mag waar wees dat jy alles van Pappa het, maar ek wil hê jy moet een ding weet: Pappa het alles van my."

82 So dis hoe ek voel oor hierdie godsdiens: Ek ken miskien nie al die besonderhede van die Bybel nie, ek ken die—die Outeur van die Bybel baie goed, en net solank Hy alles van my het, is dit al waarvoor ek omgee. As ek so totaal oorgegee is aan Hom en aan Sy wil dat Hy Sy werke kan doen, laat die wêreld sê wat hulle wil.

83 En sy sal opstaan in die Oordeelsdag en hierdie geslag veroordeel, want sy het van die uiteindes van die wêreld af gekom om die wysheid van Salomo te hoor, 'n gawe; en tog sê Ek vir julle, dat, meer as Salomo is hier.

Kom ons bid.

84 Dierbare Here, ons staan nou by 'n kruispad, ons is by 'n plek gebring, na wat dit is, ons dit moet aanvaar of dit verwerp. Ons kan nie vanaand by hierdie deure van hierdie plek uitgaan soos ons was toe ons ingekom het nie, ons gaan óf beter óf slegter uit. Here, gee dat elke man en vrou hierbinne gevul sal uitgaan met die Heilige Gees, teruggaan na hulle tuiskerk toe en 'n ware Christen daarin wees. Skenk dit, Here.

85 En nou, terwyl Broer du Plessis gepraat het, en ons vertel het van die groot Messiaanse Gawe, die laaste teken aan die kerk wat moes verskyn net voor die Oordeel, bid ek, God, dat U Uself sal bekendmaak aan hierdie kerk vanaand dat U nie dood is nie, maar U lewendig is, en die God wat hulle aanbid, die Jesus wat hulle liefhet, langs hulle loop, en die einste gedagtes van hulle hart ken.

86 En wanneer ons die diens vanaand sal afsluit, mag alle ongelowiges, of sovoorts, vorentoe kom en hulle harte vir U gee. En soos ons op ons pad huis toe gaan, mag ons sê soos hulle wat van Emmáüs af gekom het op daardie eerste opstandingsoggend. Nadat Jesus hulle vergader en die deur toegemaak het, het Hy iets gedoen net soos Hy dit gedoen het voor Sy kruisiging, hulle het geweet dat geen mens dit so gedoen het behalwe Hy nie, en hulle het verstaan, en hulle oë het oopgegaan, en Hy het uit hulle sig verdwyn. En hulle het gesê soos hulle gehaas het om die ander te vertel: "Was ons harte nie brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?"

87 Nog een keer, Here, in hierdie groot kerk van Angelus Tempel, bid ek, God, dat U nog een keer, vanaand, in ons midde sal inkom so werklik en so tasbaar dat elke persoon hierbinne U die werke kan sien doen wat U gedoen het voor U kruisiging, hulle mag weet dat hulle God lewe, die siekes genees, die verlorenes red. En mag ons almal onsself toevertrou aan U

Gees, dat ons instrumente mag wees dat Hy deur ons kan werk. Ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

88 Jesus het in een geval gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen, Wat My gestuur het nie, moet My nie glo nie."

89 Nou, ek wil hê julle moet duidelik weet dat ek nie 'n Goddelike geneser is nie, en ek glo nie daar's een in die wêreld nie. Ek glo dat Goddelike genesing op dieselfde basis van verlossing is, Jesus Christus het die prys van sonde op Gólgota betaal, en jy kan nie sonde raak tensy jy siekte raak nie, want siekte is 'n eienskap van sonde, miskien nie wat jy gedoen het nie, maar wat iemand voor jou gedoen het, want ons het nooit enige siekte gehad voor ons sonde gehad het nie. Toe sonde gekom het, het siekte dit gevolg. Dis waar.

90 Hoe kan jy die Evangelie van verlossing preek, en dan Goddelike genesing ontken? het meer as wat ek ooit kan begryp. Jesus het gesterf op Gólgota, elke sonde is afgehandel, die enigste ding wat jy nou doen, is kyk en lewe, Dit glo. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir jou genesing gekom."

91 As ek krag gehad het om enigiemand te genees, sou ek dit beslis doen, ek sou beslis; ek weet wat dit beteken om siek te wees. Ek het geen krag om te genees nie, geen ander man het nie. As hy het, wat het dan van Gólgota geword?

92 God kan nie twee keer enigiets doen nie. "Deur Sy wonde *het* daar vir jou genesing gekom." Die enigste . . . As Hy hier gestaan het vanaand met hierdie pak klere aan wat Hy vir my gegee het, kon Hy nie een ding vir jou genesing doen, tensy jy dit geglo het nie, Hy het dit bewys in die Skrif: "Baie magtige werke kon Hy nie doen nie, as gevolg van hulle ongeloof." Dis dieselfde vanaand. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Maar hulle wat glo, kan.

93 Nou, die hoofsaak is dit: As ons kan . . . Hy in ons midde sal inkom en bewys dat Hy in ons midde is, dan gee dit elke persoon 'n geleentheid om te kyk en te lewe.

94 Ek dink ek het Broer Shakarian gehoor, 'n paar oomblikke gelede toe ek gekom het, wat gepraat het van die Karibiese Eilande waar ons pas vertrek het, daardie regter daardie oggend het daar gestaan en praat, en Sally Olsen het getolk en vir my die boodskap gegee, so verstommend, gesê dit was: "Wanneer hierdie Broer Branham weggaan, verlaat God nie die eiland nie." Gesê: "Hy het al die klem op God geplaas."

95 En toe die diens verby was, het hulle wavragte van ou karretjies en wiele geneem wat hulle saamgery het om hulle geliefdes op te bring, krukke en kieries wat oraloor die velde gelê het waar hulle net opgestaan en hulle gelos het. En hier sit ons hier vanaand in Amerika, ons behoort ons vir onsself te skaam. As ons . . . die probleem wat ek het . . . Ek voel meer

jammer vir Amerika as enige ander plek, want hulle weet nie watter kant toe om te draai nie, *hierdie* een sê *dit*, en *hierdie* een sê *dat*. Jesus het gesê: "Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne die waarheid wees." Hy lewe, Hy het gesterf, Hy het weer opgestaan, Hy lewe vir ewig, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

96 Nou, ons is laat. Môre-aand teen hierdie tyd, verwag ons om weg te wees. Sondagaand, kry ek soort van skaam. Ek het 'n, die Here het my gegee, liewer, 'n manier wat ek my bediening 'n bietjie anders kon laat werk as wat ek altyd het, dit is dat die visioene net gekom het, en dan het ek dit laat gaan totdat ek nog een tref wat dit regtig nodig het, en dit dan na daardie een toe laat gaan, dan voortgaan totdat ek iemand regtig in nood sien, of een of ander sonde wat aan die persoon hang, dan stop ek daardie een.

97 Maar ek glo nie my bediening van die eerste tipe, om die ry te neem en dit te ondersoek deur die Heilige Gees, is ooit hier gedoen nie, so, omdat dit nie baie lank sal neem daarvoor nie, laat ons dit so hê vanaand. En dan môre-aand, begin ek my nuwe bediening wat die Here my gegee het.

98 Nou, gisteraand, voor ons enigiemand hier gehad het, sodat enigiemand sou sien dat die gebedskaartjie niks te doen het met die genesing van die persoon nie, het die groot Heilige Gees afgekom en oor hierdie gebou gegaan en vertel, met die mense gepraat, hulle vertel net wat dit was, en die mense genees. Hoeveel was hier om daarvan te getuig? Steek julle hande op. Dit was voor enigiets ooit gebeur het.

99 Hoeveel is hier wat nog nooit tevore in een van my dienste was nie, steek julle hande op? Naby die helfte van die gemeente.

100 Nou, ek maak aanspraak dat Jesus, dat die Koms van die Here naby is. Die laaste teken wat ooit vir enige geslag gewys word voor die chaos het, of, voor die vernietiging gebeur, word die Messiaanse teken vir daardie mense gegee. Dit is vir Abraham gegee voor die vernietiging van Sodom, dit is vir die Jode gegee voor God van hulle weggedraai het, dit is vir die Samaritane gegee voor God van hulle weggedraai het.

101 En nou, daar's een geslag, een volk oor van Gam, Sem, en Jafet se mense, dis die Heidene. Ons het tweeduisend jaar van teologie gehad, ons het genesings gehad, ons het wonderwerke daar regdeur gehad, maar nou is ons aan die eindtyd, die Messias kom nader, die uur is op hande. Ek weet dat julle soveel sensasies en dinge gehad het, dat dit lyk asof hulle dit nie begryp, soos die baba nie. Maak oop julle begrip vanaand voor God, en laat Hom op julle beweeg.

102 As God kan bewys om hier te wees, die opstanding van Jesus Christus, dat Hy in hierdie gebou *is*, en Hy by Sy mense *is*, hoeveel meer sal julle wil hê? Dit behoort julle julle krukke te

laat neergooi, te spring uit julle rolstoele uit, hier uit te kom, môre op straat te gaan, te sê: "Was ons harte nie brandende in ons, soos die Heilige Gees met ons gepraat het vanaand nie?"

103 Moenie wag nie, hou jy... Satan kan jou dit laat uitstel tot môre-aand, is dit net een aand langer, en soveel moeiliker om dit daarby te kry; glo Dit net nou. As jy sal glo, sal jy ontvang. En as die Here Jesus in ons midde sal verskyn aan hierdie honderde en honderde mense wat hier sit vanaand, en sal optree en maak net soos Hy het voor Hy gekruisig is, hoeveel sal sê: "Dit sal dit vir altyd vir my afhandel, dat Jesus Christus lewendig is, en ek—ek sal Hom as my Verlosser aanneem"? Steek julle hande op, sal julle? Dankie.

104 En radiogehoor, ek wens dat julle hier kon wees om dit te sien, hierdie groot massa mense wat hier sit met hulle hande op, wat getuig dat hulle die Here Jesus sou aanvaar, miskien is party van hulle sondaars. Party van hulle...

105 Wat is *sonde*? Wel, 'n persoon kan net so getrou aan die kerk wees as wat hulle kan wees, 'n lidmaat van die beste kerk in Los Angeles, en steeds 'n sondaar wees. 'n Prediker kan agter die preekstoel staan en 'n Evangelie boodskap preek wat die hele gehoor sou skud, en steeds 'n sondaar wees. *Sonde* is "ongeloof." As jy Hom nie glo nie, is jy alreeds veroordeel.

106 Nou, ek glo die kêrels het vir my daar gesê dat hulle een klomp gebedskaartjies uitgegee het vanmiddag. Ons wil hulle laat staan, sodat dit eerbiedig sal wees. Almal het 'n kans om die gebedskaartjie te kry, in die ry te kom. Nou, Broer Duffield, of enige van die pastore hier, het nie daardie gebedskaartjies uitgegee nie, dis hierdie kêrels wat hulle uitgegee het, hulle staan hier op en skommel hulle voor julle, en kom dan uit en gee enigiemand 'n kaartjie wat een wil hê.

107 Daarom, as julle van die Tempel is, of, julle pastoor het niks daarmee te doen gehad nie, ook het Broer Duffield, of enigiemand hier by die, hierdie kerk, of enige ander kerk nie, jy net, gee dit uit, en jy kom soos jy geroep word. Dis nie 'n gestoot, en 'n gedruk, en 'n gestoei ensovoorts nie, hierdie is 'n huis van God, dis nie 'n arena nie.

108 Ek het hulle gesien toe julle ses koppe, uh, rye mans in Indië, probeer neem het, waar byna vyfhonderdduisend vergader het, en hulle sou deur daardie rye breek en oor mekaar spring, onderdeur die bene van die offisiere hardloop om te probeer deurkom. Wel, jy kan nie—jy kan nie preek of vir die siekes bid soos daardie nie, daar's te veel verwarring. Die Heilige Gees is sagmoedig, alles moet ordentlik en ordelik wees vir die Heilige Gees.

109 (Ek's nie... Was dit L?) Gebedskaartjie L is uitgegee, en ons gaan begin by nommer een, en soveel as wat ons kan, oplyn. Laat

ons sien. Ek glo dit sal net so maklik wees vir hulle om hiernatoe te kom.

110 Wie het gebedskaartjie nommer een? Steek jou hand op. 'n Dame, kom reguit hiernatoe. Nommer twee, steek jou hand op. Goed, meneer. Nommer drie. Kom reguit hiernatoe, dame, as jy sal. Dis reg, reg langs, voor die. . . Nommer drie, steek jou hand op. Ver agter aan die agterkant. Nou, wag net tot jou nommer geroep word. Nommer vier, steek jou hand op. Agter hier oorkant. [Leë kol op band—Red.] . . . vyftien minute nou.

111 Besef julle dat hierdie nou, waaroor ek gepreek het, waarvan julle gehoor het, wat die Bybel gesê het, dit moet óf bewys word as die waarheid, óf dis verkeerd? Nou kom die konfrontasie: Is Christus lewendig? As Hy is, sal Hy Homself bekend maak.

112 Aan julle Pinkstermense, het Jesus nie gesê, of, Paulus, verskoon my, Paulus vir die Korinthiese kerk gesê: "As almal in tale praat en een ongeleerde kom in, sal hy sê julle is—julle is mal; maar as een profeteer en die geheim van die hart openbaar, dan sal hulle neerval, sê: 'God is met julle nie'"? Hoeveel weet die Bybel sê dit? Steek julle hande op. Sekerlik. Sien? Hoe kan julle sê dit was iets anders wanneer—wanneer Paulus, en Jesus, en die Heilige Gees net bly voortgaan daarmee?

113 Nou aan julle wat in die gebedsry is, hoeveel van julle weet dat ek julle nie ken of niks van julle af weet, julle geval nie? Steek julle hande op, sal julle? Goed. Elkeen van hulle. Ek sien nie 'n persoon daar wat ek ooit in my lewe gesien het nie. Nou weer, sodat die gehoor, sigbare gehoor dit kan sien: Elkeen van julle in die gebedsry wat weet dat ek julle nie ken, of nie weet wat verkeerd is met julle, of julle begeertes ken, of waarvoor julle hier is nie, steek weer julle hande op. Goed. Sien julle dit? Goed. Nou, julle daarbuite ook nie. Ek. . . Die enigste persoon, ek het gedink ek het vir Broer Julius Stadsklev hier iewers gesien, Ek reken dit was vanmiddag, hy het hier iewers gesit.

114 Nou, hier is die konfrontasie nou vir die volgende paar minute. Nou, onthou, dis nie ek nie. Nou sit net, bly in julle sitplekke, en wees baie stil net vir 'n oomblik. Nou, dis nie ek nie, ek ken nie hierdie mense nie, daardie mense ken my nie, my hand is voor God, ek—ek ken nie een van hulle nie. En hulle het hulle hande opgesteek dat hulle, net so, ook nie vir my ken nie, ek ken hulle nie. So iets moet plaasvind as hierdie Skrifte waargemaak word. Goed.

115 Nou, hierdie, daar's 'n vrou wat nou hier kom. Nou, ek veronderstel daardie mikrofoon is ook lewendig daar, is dit? Jy kan dan net daar staan, dame.

116 Nou, hier ontmoet ons, 'n man en 'n vrou, die eerste keer in die lewe om te ontmoet. Ek ken haar nie, het haar nog nooit gesien nie. En ek veronderstel hierdie mag die eerste keer wees wat ons ooit so naby aan mekaar gekom het, behalwe, of,

bewustelik, in ons lewe. As dit reg is, steek jou hand op. Ja, dis reg. Die eerste keer wat ons ooit ontmoet het. Goed. Maar sy's hier vir een of ander rede. Nou, wat kan gebeur? Wat kan Jesus hiermee doen? Wanneer ek alreeds gesê het: "Deur," as sy siek is: "deur Sy wonde, is sy genees." Maar Hy's nog steeds dieselfde Jesus gister, vandag, en tot in ewigheid.

117 Eenkeer in Johannes 4, het hierdie weer bymekaar gekom, 'n Man en 'n vrou. Jesus het die vrou ontmoet by die . . . van Samaria, en sy . . . Hy het haar gevra vir water om te drink. Julle ken die storie. En Jesus het met haar bly praat totdat Hy uitgevind het wat haar probleem was. Hoeveel weet wat haar probleem was? Sy het vyf mans gehad, met die sesde een saamgelewe. En toe Hy dit vir haar gesê het, het sy gesê: "Ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel." Dit was die teken van die Messias.

118 As Hy vandag dieselfde Messias is, Hy het weggegaan, en die liggaam van vlees, Jesus, is gekruisig, God het Dit opgewek en Dit op Sy troon geplaas, maar die Gees wat in Hom was, het teruggekom op Sy Kerk; en dit gee oor aan die Heilige Gees.

119 Ek ken haar nie, sy ken my nie. Nou, as sy glo, goed. Sy mag 'n kritikus wees, sy mag 'n skynheilige wees, sy mag 'n Christen wees, sy mag siek wees, sy mag finansies nodig hê, geestelike hulp, ek weet niks van haar af nie. As sy 'n kritikus is, kyk wat met haar gebeur binne die volgende paar minute. Julle was al voorheen in dienste, julle, en het gesien wat toe gebeur het. Nou, hier's waar die . . . Dis nog 'n Ananias en Saffira geval.

120 Maar nou sal ek met haar praat net soos ons Here met daardie vrou gepraat het totdat Hy haar probleem gevind het. Dan as . . . Laat haar die beoordelaar wees. Nou, as ek nadergestap, en gesê het: "Suster, jy's siek." Dit mag reg wees, mag verkeerd wees.

121 As sy gesê het: "Ja, natuurlik het hy geweet ek was siek, ek's in die gebedsry . . . " Wel, dit kon wees dat sy nie siek was nie.

122 En my hande op haar gelê, gesê: "Prys die Here, jy gaan gesond word." Wel, sy behoort dit te glo. Maar wat as die Heilige Gees hiernatoe kom, en teruggaan in haar lewe, en vir haar sê wat sy was. Nou, sy weet of dit die waarheid is of nie. En as Hy weet wat was, sal Hy sekerlik weet wat sal wees. Glo julle dit?

123 Ek wil net 'n oomblik met die vrou praat. Siende dat hierdie ons eerste ontmoeting is, en jy baie seker is dat daar iets plaasvind, want om voor 'n man te staan sou jou nie laat voel soos jy nou voel nie. Het jy al ooit daardie foto van die Engel van die Here gesien, daardie Lig, bo waar ek gestaan het, wat hulle afgeneem het? [Die suster sê: "In Phoenix, Arizona."—Red.] In Phoenix, Arizona, het jy dit gesien. Goed. Daardie selfde Lig is nou tussen my en jou.

124 Nou, as dit dieselfde Vuurkolom is wat die kinders van Israel gelei het, Hy het gekom en het vlees geword, Hy het gesê: "Ek

het van God af gekom, en Ek gaan terug na God toe." Na Sy dood, begrafnis, en opstanding, en hemelvaart, het Hy Paulus ontmoet op die pad na Damaskus. En wat was Hy weer terug? Die Vuurkolom, het Paulus se oë verblind, hom blind gemaak vir 'n seisoen. En Hy het gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus." Vuurkolom.

125 Nou, as die lewe van die wynstok iets *hier* voortbring, moet dit dieselfde vrugte *hier* voortbring. Dan as die Heilige Gees hierbinne is, sal Dit, daardie selfde Vuurkolom wat nou tussen my en jou staan, jy as 'n vrou, ek 'n man, en as Dit aan my kan openbaar waarvoor jy hier is, dan is God geïnteresseerd om te sorg vir jou behoeftes. Is dit reg? Nou, wees jy die beoordelaar.

126 As die gehoor nog steeds my stem hoor, lyk dit of die vrou van my af weggaan, en sy—sy ly aan 'n senuweetoestand, dis waarvoor sy wil hê ek moet bid. Daardie senuweetoestand wat 'n versmoring om jou hart veroorsaak, jy verstop, kan nie asemhaal nie, jy was by die hospitaal. Dis waar. As dit waar is, steek jou hand op.

127 Nou, wat glo jy het dit gedoen? Is Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Ek kry daardie gevoel van iewers af, dat julle gedink het ek het dit geraai; ek het dit nie geraai nie.

128 Laat ek weer met haar praat. Ek weet nie wat ek vir jou gesê het nie, want dit was nie ek wat gepraat het nie, ek ken jou nie, maar Iets het my lippe gebruik om te praat, vir jou die waarheid vertel. As dit reg is, wees jy die beoordelaar. Steek jou hand op as dit reg is. Jou die waarheid vertel. Goed. Ja. Die vrou, dis sy, dis 'n man, dis haar man, hy ly, ook, hy's hier. Dis reg. As ek vir jou sal sê wat verkeerd is met jou man, sal jy glo Dis die Heilige Gees wat praat? Hy het artritis. Dis reg.

129 En jy het dogter ook hier. Glo jy God kan vir my sê wat verkeerd is met jou dogter? Sy het 'n rugprobleem en swakheid. Dis reg, is dit nie. Hulle gaan albei gesond word, en jy gaan ook. Gaan op jou pad huis toe, Jesus Christus maak jou gesond. Die Here seën jou.

130 Glo julle dat die Seun van God opgestaan het uit die dood, en Hy hier is vanaand in die vorm van die Heilige Gees? Nou, Hy is net gewillig om vir julle te doen soos Hy hier doen. Glo Hom, hê geloof.

131 Nou, die vrou wat hier staan is ook 'n vreemdeling. Ek ken jou nie, jy ken my nie, nie meer as wat jy my ken deur te lees, of so-iets nie. Dis reg. Nou, as die Heilige Gees aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy glo dat dit Hy is? [Die suster sê: "Ek sal weet dit is."—Red.] Jy sal weet dit sal moet. . . Jy sal weet dit is, dis goed. Die dame ly aan 'n hoë bloeddruk; ek sien hulle dit om jou arm sit, en daardie dingetjie oppomp, en dit het gesê dat

dit te veel was, selfs vir jou ouderdom. En jou oë is sleg. Nog iets, as. . . Jy het toe jou vinger na jou oë gewys, en dit mag 'n glips wees vir iewers, vir die paar mense daarbuite wat mag dink dat ek dit gesê het, maar ek het dit gesien, in elk geval. Laat ons weer stop en 'n oomblik praat.

132 Daar is ook iets verkeerd met jou keel. [Die suster sê: "Dis reg."—Red.] En jou keel verstop, en jy moet een of ander soort medisyne neem om dit oop te maak. ["Nee."] Ja. En dan het jy, nog iets, iets van jou . . . dit sluk, of iets. As Jy sal glo met jou hele hart, sal jou hoë bloeddruk, en alles jou verlaat, en jy kan gaan en gesond gemaak word. Glo jy dit? ["Prys God."] Gaan en juig, en sê: "Dankie, Here Jesus. Amen." Goed.

133 Glo jy met jou hele hart? Ons is vreemdelinge. Jy het 'n—jy het ook 'n vergroeisel, en daardie vergroeisel is op 'n vroulike klier, die eierstok, sê jou dokter. Dis reg. As dit waar is, steek jou hand op.

134 Iemand wat daarbuite bid, ek kan nie sien nie. As een visioen sal breek, dan breek dit net van oral af. Dis julle geloof wat dit doen. Net soos die vrou wat die—die kleed van die Here Jesus aangeraak het, sy het van Hom af weggetrek. Sien?

135 Ek probeer beperk om met jou alleen te praat. Wat Hy jou ook al vertel het, was die waarheid. Dis reg. O, ek sien nou: 'n ondersoek, wys dat dit vir 'n operasie gewag het vir 'n vergroeisel op 'n eierstok. Mag ek dit vir jou sê, dan weet jy of ek jou die waarheid vertel of nie, as jy sou glo dat ek Sy profeet, Sy dienskneg is: Jy het iemand op jou hart waarvoor jy bid. As jy sal glo met jou hele hart, om. . . Lyk soos 'n man, wat 'n polio toestand het. As jy glo met jou hele hart, en die Here Jesus sal aanvaar, en glo dat Hy dit sal doen, sal dit alles vir jou afgehandel wees, huis toe gaan, gesond word. Glo jy dit? Gaan en word gesond gemaak, in die Naam van die Here Jesus. Goed.

136 Kom vorentoe. Glo jy? [Broer Branham klap sy vinger—Red.] Hier's iets: Ek het 'n visioen gesien 'n paar minute gelede van 'n vrou wat iets verkeerd gehad het met die keel: Dis hierdie vrou hier. Sy het 'n operasie daarvoor gehad.

137 Glo jy dat God sal hoor en gebed vir jou sal beantwoord? Jy glo dit wel. Margaret, dis jou naam, jy's 'n vroueprediker. Gaan op jou pad en juig, God gaan jou gesond maak. Amen. God seën jou, suster.

138 Ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar. God ken jou. Glo jy dit? As God aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy Hom aanvaar as jou Geneser en Verlosser? Jy ly aan iets in jou bloed, diabetes. Dis reg. En jy het hartprobleme. En jy's ook 'n vroueprediker. En mag jy dit weet, en jy sal weet of dit waar is of nie: Jy het 'n man by die huis wat ly aan dieselfde ding wat skaars kan rondbeweeg, met dieselfde ding. Glo dit met jou hele

hart, gaan huis toe en albei van julle word gesond, in die Naam van die Here Jesus Christus. Gaan, en mag God met jou wees.

139 "As julle kan glo, is alles moontlik vir hulle wat glo." Glo julle dit? Glo julle Sy Teenwoordigheid is hier? Jesus het gesê: "As julle kan glo, is alles moontlik."

140 Nou, hier staan 'n vrou, sy's 'n gekleurde vrou, hier's 'n perfekte prentjie van Johannes 4. Glo jy God kan aan my openbaar wat jou probleem is? Jy glo. Wel, jy's nie van hierdie stad nie, jy het van die suide af gekom op pad hiernatoe, en jy's van Long Beach. Dis reg. Jy het 'n vergrote hart. Gaan huis toe en sê vir Jess-hulle dis alles reg . . .?. . .

141 "As julle kan glo!" Nou, ek ken nie die vrou nie, dis die Heilige Gees wat daardie dinge sê.

142 Julle mag daardie vrou kritiseer, maar as julle genees is van so-iets, sou julle ook skree, as julle was. Is dit nie iets nie? As julle sal glo met julle hele hart, sal julle nog 'n Azusastraat herlewing hê. Daardie dame het gegaan na Long Beach om die nuus te versprei net so hard as wat sy kan.

143 Nou, ek bly dit voel kom dat ek die mense se gedagtes lees; ek doen dit nie.

144 Kom hier, dame, ek ken jou nie, sit net jou hand op myne vir 'n kontakpunt. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. As ek *hierdie* kant toe kyk en vir jou sê wat jou probleem is, sal jy . . . sal jy weet of dit die waarheid is of nie, sal jy nie? Goed, dis 'n damesprobleem, vroueprobleem. As dit reg is, steek jou hand op. Dit het jou nou verlaat, gaan huis toe en word gesond. Glo in die Here Jesus Christus, en dat jy gesond sal wees.

145 Nou kom hier, dame. Buite, julle in die gehoor, wees eerbiedig net 'n oomblik. Lê jou hand op. Dis 'n gewas, jy's gereed vir operasie. Glo jy die Here sal jou gesond maak? As jy dit glo, steek jou hand op. Goed, steek jou hand op en glo Hom. Gaan dan op jou pad en juig, wees bly, glo Hom met jou hele hart. Uh-huh. Amen.

146 Kyk hiernatoe, dame. Daardie ou asma maak jou partymaal amper dood, jy kan skaars asemhaal in die nag. Gaan huis toe, glo die Here Jesus, en word gesond. Glo met jou hele hart, jy sal gesond gemaak word.

147 Jy het 'n ernstige toestand, 'n hartprobleem. Glo jy dat Jesus jou sal gesond maak? Gaan, verheug, sê: "Dank U, Here Jesus," en jy sal gesond word.

148 Goed, kom, dame. Glo jy dat hierdie bloedarmoede toestand jou gaan verlaat en Jesus Christus jou sal gesond maak van bloedarmoede? Gaan verheug, en wees bly, en dank die Here.

149 Jy's geskadu tot die dood, want daar is duisternis rondom jou, kanker. Maar sal jy glo dat God jou sal gesond maak? Aanvaar jy

dit? Gaan huis toe en juig, en sê: “Dankie, Here Jesus dat U my gesond gemaak het.”

150 Sien, dis julle geloof wat dit doen. Amen. Hê geloof. Sekerlik.

151 Glo jy dat Hy jou nou gesond maak? Gaan net op jou pad met. . . Dis die manier, en juig.

152 Kom. Jy maak gereed vir ’n operasie vir ’n gewas. Glo jy God sal dit van jou wegneem? Gaan en juig, volgens jou geloof, so sal dit met jou wees.

153 Kom, dame. Wil jy nou jou aandete gaan eet en oor daardie maagprobleem kom? Gaan eet dan jou aandete, in die Naam van die Here Jesus, en word gesond gemaak. Jou. . . Jy dit met jou hele hart glo, sal jy ontvang. [Die suster sê: “My seun moet van alkohol verlos word.”—Red.] Amen. Mag die Here dit skenk.

154 Goed, suster. Toe ek maagprobleme vir haar gesê het, het iets met jou gebeur, ’n klein, koue gevoelletjie het deur jou gegaan, jy is genees, gaan op jou pad en word gesond gemaak.

155 Jou rugprobleem het jou verlaat, dit het jou, toe jy daaronder gesit het ’n rukkie gelede, toe ek gepreek het. Gaan op jou pad en word gesond gemaak, in die Naam van die Here Jesus.

156 Senuweeagtige hart, maar Jesus sal jou genees. Glo jy Hy sal jou gesond maak? Gaan op jou pad en juig, en word gesond gemaak.

157 Wat dink jy daarvan, jong dame? Wel, dis vir die baba. Glo jy dat ek God se profeet is, die dienskneg van God? Daardie baba is in ’n verskriklike toestand. Ek ken jou nie, jy ken my nie. Maar glo jy God kan aan my die probleem van daardie baba openbaar? Dis net ’n baba. Glo jy dit, meneer? Sal julle albei God dien? Met julle hele harte?

158 Hoeveel sal glo as God aan daardie baba sal bekend maak? Die baba is blind. Dis waar. Ek kan nie sy oë sien nie. Miskien sou julle hierdie weet: Die baba het blind geword as gevolg van een of ander—een of ander siekte wat die moeder gehad het voor die baba gebore is, terwyl sy swanger was met die baba, dis reg, masels. Gaan op jou pad en juig, en glo en die baba sal sy sig ontvang, as jy kan glo.

Hê geloof in God.

159 Goed, jou rugprobleem is weg. Gaan op jou pad en juig, en wees bly en dank die Here Jesus.

160 Artritis sal jou nooit doodmaak as jy God sal glo nie. Gaan op jou pad en juig, en sê: “Dank U, Here Jesus, vir U goedheid.”

161 Kom. Die vroueprobleem, damesprobleem, glo jy met jou hele hart? Gaan op jou pad en juig en wees bly, en sê: “Dank U, Here Jesus.”

162 Hartprobleme. Glo jy dat God jou sal genees van die hartprobleme? Het ander dinge, ook, maar dis die hoofsaak wat jou pla. Gaan blymoedig op jou pad.

163 Jou rug is genees terwyl jy in die ry gestaan het. Gaan blymoedig op jou pad, en dank God.

164 Glo die res van julle met julle hele hart? Hy's God. Elkeen van julle is net nou genees, as julle dit sal glo. Glo julle dit?

165 Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik. Daardie selfde God wat die siekes genees, red die siel. As daar 'n persoon hier in Goddelike Teenwoordigheid is wat oortuig is dat die Heilige Gees Sy Woord bevestig, steek jou hand op, sê: "Ek wil Hom aanvaar." Dis wonderlik. Dankie. Hoeveel sondaars is hier wat nie geglo het nie, en nou glo julle wel? Steek julle hand op, ongelowiges wat nou glo. Dis goed. Dosyne en dosyne hande op.

166 Ek wil vir julle iets vra. Sal julle reguit hiernatoe loop? As God my gebed sal verhoor, en sal antwoord vir hierdie mense wat beproef is, ensovoorts, sal Hy nie hoor vir julle toestand nie? Kom nou net vorentoe en staan hier net 'n oomblik, laat ons saam bid. Sal julle dit doen? Kom uit. Staan reguit op uit julle sitplek. Staan op, julle almal wat graag voor gebid wil word vir hierdie dinge, soos dit siele-toestande is, geestelike toestande, sondaars wat gered wil word, kom net 'n oomblik vorentoe hier. Kom hier op in die Teenwoordigheid van Almagtige God. Nie omdat Hy nie daaragter is nie, maar hier is Sy visioen.

167 Iets het my gestop, ek sou nog van daardie gebedskaartjies roep, maar Iets het gesê: "Roep daardie ry vir bekering!" Hoe weet ek dat daar nie 'n prediker in die paadjie afstap op hierdie tyd, wat die een sal wees wat God in hierdie laaste dae sal gebruik nie? Hoe weet ek dat daar nie reg in hierdie gebou vanaand, iets is waarvoor God vra nie? Sekerlik, is Hy, of Hy sou nie daardie gebedsry gestop het nie.

168 Kom nou vorentoe om die Messias te aanvaar, aanvaar Hom as julle Messias. Julle Joodse mense, staan op en kom hiernatoe. Julle het altyd gesê as Jesus kon bewys dat Hy opgestaan het, en die teken van die profeet sou doen, sou julle Hom glo. Nou is Jesus hier, hierdie is nie ek nie, ek's 'n arm man, ongeleerd, maar die Messias is hier. Halleluja! Dank God. Kom vorentoe.

169 "Kom, al julle siele deur sonde belas, daar's genade by die Here." Kom nou terwyl julle in Sy Teenwoordigheid is, kniel om die altaar hier, al julle mense wat julle lewens vir die Here Jesus wil gee terwyl Hy teenwoordig is, terwyl die Heilige Gees nou hier teenwoordig is. Ek weet nie wat Hy binne 'n paar minute sal doen nie, want Iets het vir my gesê om daardie gebedsry te stop en daardie oproep te maak.

170 Dis reg, kom af uit die balkonne uit, oral. Loop net nou hiernatoe, julle wat nie reg is met die Here nie, en word versoen met God. Een van hierdie aande, gaan jy geroep word deur die

engel van die dood, dan hierdie Engel wat hier is vanaand, die Heilige Gees, gaan jy roep na Hom, maar Hy mag dieselfde ding doen wat julle waarskynlik nou sal doen, net stilsit. Julle nou beweeg, sal Hy dan beweeg. God seën julle. (Kom reguit af hiernatoe, kêrels, en help hulle daar onderin, as julle sal.) Kom nou reguit uit die balkonne uit, as julle sal.

171 (Billy, het jy 'n. . . Waar's Billy? Het jy 'n lied? [Broer Billy Adams sê: "*Glo Net*, wil jy dit weer sing? *Net Soos Ek Is*?"—Red.] *Net*. . . Nee, sing *Net Soos Ek Is*.)

> . . . ek is, sonder een verweer,
> Behalwe dat U Bloed gestort was vir my,
> En dat U my gevra het om na U toe te kom,
> O Lam van God, ek kom! Ek kom!
>
> Net soos ek is, en sonder versuim,
> Te bevry. . . (My siel te bevry van wat?). . . siel
> (Hoeveel?) van een donker vlek,
> Aan U, Wie se Bloed elke vlek kan reinig
> O Lam van God,. . .

172 Is jy hier sonder Christus vanaand? Gaan jy wegstap van hierdie deure hier in die Teenwoordigheid van Christus nadat Hy aan jou aangebied is, en Homself lewendig bewys het, die geheime van jou hart geken het? Besef julle nie dis Hy wat nou met julle praat nie?

173 Baie van julle kerklidmate wat hier sit, julle lidmate van die kerk, wat Christelikheid bely, en 'n onderstebo lewe lei, bo-op die bergtop, onder in die vallei, nooit stabiel kan wees nie, hoekom kom julle nie net nou nie? Hoekom kom julle nie? Hierdie is julle geleentheid om te kom. Kom nou. Sal julle kom terwyl ons weer sing?

174 Komaan, louwarm kerklidmaat, kom, ontvang Christus, word vervul met die Gees.

> . . . een verweer,

175 Julle wat dors na die Heilige Gees, sal julle nou kom terwyl die Heilige Gees teenwoordig is, Wat julle harte ken? Kom net, staan 'n oomblik hier rondom die altaar.

> . . . dat U my gevra het om na U toe te kom,
> O. . ., ek kom! Ek kom!

176 Het julle gedink, vriende, die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, die Jesus wat opgestaan het uit die dood, negentienhonderd jaar in-en-uit beweeg het onder die mense op aarde, en hier is vanaand, wat optree, doen, en Sy belofte vervul wat Hy gemaak het, beweeg op die mense? Kan jy nie kom en jou lewe weer opnuut aan Hom toewy nie? Sal jy nie kom en jouself bekendmaak rondom die altaar van God nie? Hierdie is vir jou, sondaarvriend. Hierdie is vir julle, louwarm kerk. . .

59-0405E Die Koningin Van Skeba
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org